



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Alleen by die huis deur Anna Emm

Basjan die hond woon saam met sy groot ounooi, sy groot oubaas, sy klein ounooi en sy klein oubaas in die groen huis op die hoek van die straat. Op 'n dag klim die mense in hulle kar en ry weg. Hulle sien nie dat Basjan binne in die huis toegemaak is nie. Hulle sien nie dat Basjan nie kan uitkom nie! Basjan loer deur die venster en tjank. Nou is hy alleen by die huis!

Alles is stil in die huis, maar dan hoor Basjan iets. Hy spits sy ore. Die geluid kom van die kombuis af. Stadig loop Basjan kombuis toe. En kan jy dit glo? Daar op die kombuiskassie sit twee muise! Hulle is sowaar besig om van die mense se broodrolletjies te steel! Hulle dink daar is niemand by die huis nie!

Basjan grom en blaf dan hard. Hy wys sy tande vir die muise, en spring teen die kas op. Hy moet mos die huis oppas! Die muise skrik hulle boeglam vir die kwaai hond en skarrel weg. Basjan gaan lê op die kombuisvloer en pas die broodrolletjies op.

Alles is weer stil, maar dan hoor Basjan iets! Hy lig sy kop. Die geluid kom van die sitkamer af! Hy staan op en gaan loer om die hoek. En kan jy dit glo? Daar sit sowaar 'n vreemde kat op die sagte bank voor die televisie in die son! Hy het deur die oop venster geklim! Hy dink daar is niemand by die huis nie!

Basjan blaf en storm op die kat af. Hy moet mos die huis oppas! Die kat skrik so groot dat hy net een sprong gee, en weg is hy. Nou gaan lê Basjan op die mat voor die bank om dit op te pas.

Maar wat hoor hy nou? Daar is iets in die kamer! Basjan draf kamer toe en loer by die deur in. Daar is sowaar twee voëltjies by sy groot ounooi sy lekkerruik-potjie, en hulle spuit van die lekkerruik-goed aan hulle vlerkies! Hulle dink daar is niemand by die huis nie!

Basjan blaf en spring teen die kassie op. Die voëltjies fladder verskrik deur die oop venster. Maar net toe Basjan dink alles is weer veilig, hoor hy 'n geluid in die badkamer. Hy glip om die hoek om te gaan kyk. En kan jy dit glo? Twee eekhorinkies het sowaar deur die venster ingeklouter en sit nou lekker in die wasbak en bad! Hulle dink daar is niemand by die huis nie.

Basjan blaf en gryp die eekhorinkies se sterte in sy bek. Hy dra hulle na die oop venster en gooi hulle uit. Hy moet mos die huis oppas!

Toe die mense later terugkom is Basjan stokflou. Hy lê in die son voor die venster en rus.


“Ons het vir Basjan in die huis vergeet!” roep die klein oubasie toe hy die hond sien.

“Ja, ons het!” lag die groot ounooi. “Maar ek dink hy het heeldyd lekker in die son gelê en slaap.”

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Gratis inkleurprentjie:

**Alleen by die huis** illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)